SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2025

## EKONOMIE

## (VRAESTEL 2)

EKONOMIE V2

C2732A

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

14 bladsye

X05

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde meer as die vereiste hoeveelheid sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bo elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 ... produkte is volmaakte plaasvervangers vir mekaar.

A Unieke
B Heterogene
C Homogene
D Vermeerderde

1.1.2 Wat sal waarskynlik gebeur as 'n voorheen mededingende mark 'n monopolie word?

| | Hindernisse tot toegang | Skaalvoordele | Die grootte van die firma |
|---|---|---|---|
| A | Verminder | Verminder | Verhoog |
| B | Verminder | Verhoog | Verminder |
| C | Verhoog | Verminder | Verminder |
| D | Verhoog | Verhoog | Verhoog |

1.1.3 Hoekom sal 'n ekonomie nie net op markkragte vertrou om hulpbronne regverdig te versprei nie?

A Openbare goedere sal nie verskaf word nie.
B Nie-meriete goedere sal nie aangebied word nie.
C Meriete goedere sal oor-voorsien word.
D Privaat goedere sal nie aangebied word nie.

1.1.4 … verwys na die kenmerke van 'n mark wat sy prestasie beïnvloed.

A Markmeganisme
B Markstruktuur
C Markgedrag
D Markmislukking

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.1.5 Net soos monopolieë sal … hul markkrag gebruik om produksie te beperk en pryse te verhoog.

A perfekte markte
B monopolistiese markte
C hibriede strukture
D oligopolie markte

1.1.6 ... vind plaas wanneer dieselfde goed teen verskillende pryse aan verskillende verbruikers verkoop word.

A Prysleierskap
B Prysstabiliteit
C Prysdiskriminasie
D Prysplafon

1.1.7 Wat is die betekenis van die vraagkromme vir 'n firma in 'n volmaak mededingende mark?

A Dit bepaal die onderneming se winsmaksimerende uitsetvlak.
B Dit bepaal die firma se markkrag.
C Dit bepaal die firma se produksiekoste.
D Dit bepaal die firma se advertensiebegroting.

1.1.8 Watter aanname is noodsaaklik om te verseker dat daar mededinging in ŉ mark kan plaasvind?

A Die mark word deur 'n groot aantal firmas voorsien.
B Firmas is vry om die mark te betree en te verlaat.
C Maatskappye kan nie abnormale winste op die korttermyn verdien nie.
D Firmas produseer gedifferensieerde goedere in die mark.

(8 x 2) (16)

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by ʼn item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Nywerheid | A die regering kan maatskappye wat negatiewe eksternaliteite produseer, reguleer deur nuwe wette in te stel of deur die bestaande wetgewende raamwerk toe te pas |
| 1.2.2 Inligting | B wanneer een firma 'n ander firma oorneem en daardie firma hou dan op om te bestaan |
| 1.2.3 Direkte beheer | C monopolistiese mededingers maak gebruik van verskeie strategieë om met verbruikers te kommunikeer, met die hoofdoel om hul markaandeel te vergroot |
| 1.2.4 Verkryging | D kommersiële gesondheidsorgverskaffers beskou dit as nie-winsgewend om hierdie dienste te lewer nie, wat daartoe lei dat 'n landelike bevolking nie toegang tot bekostigbare gesondheidsorg het nie |
| 1.2.5 Duopolie | E uitgawes wat reeds aangegaan is en nie verhaal kan word nie, ongeag toekomstige besluite |
| 1.2.6 Gesonke koste | F ʼn markstruktuur waar twee firmas die mark oorheers |
| 1.2.7 Storting | G markte waar goedere en dienste onwettig verkoop word, dikwels teen hoër pryse |
| 1.2.8 Ontbrekende markte | H al die besighede wat 'n spesifieke soort produk of diens produseer |
| | I sommige lande verkoop hul surplusgoedere op buitelandse markte teen pryse wat laer is as die produksiekoste van die goedere |

(8 x 1) (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Wanneer 'n mark die maksimum hoeveelheid goedere en dienste van 'n gegewe stel hulpbronne produseer

1.3.2 'n Geleidelike verandering in totale inkomste wat plaasvind as gevolg van die verkoop van een addisionele eenheid uitset

1.3.3 Dit word geassosieer met baie hoë aanvangskoste en sal vir baie jare nie 'n wins verdien nie

1.3.4 Die algemene indruk van produkte en dienste wat die besigheid probeer skep in die gedagtes van verbruikers

1.3.5 Die koste of voordele wat derde partye beïnvloed, maar nie in die markprys van 'n produk of diens ingereken word nie

1.3.6 'n Geldelike toelaag wat aan 'n vervaardiger gegee word om produksiekoste te verlaag, wat dit moontlik maak om meer goedere teen 'n laer prys aan te bied (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS

Proudly South African

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van eksplisiete koste. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom is dit belangrik om toekomstige waarde aan te pas by hulle huidige ekwivalente waardes in 'n kostevoordeel-analise? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Identifiseer die winsmaksimeringspunt in die grafiek hierbo. (1)

2.2.2 Noem die ontbrekende kurwe in die diagram hierbo. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese wins*. (2)

2.2.4 Verduidelik hoe die aannames van volmaakte mededinging verskil van markte in die regte wêreld. (2)

2.2.5 Bereken die ewewigsposisie van die firma hierbo. Toon ALLE berekeninge. (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



2.3 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: *Facebook-images*]**

2.3.1 Identifiseer 'n voorbeeld van nie-prysmededinging wat deur monopolistiese mededingers gebruik word in die spotprent hierbo. (1)

2.3.2 Hoeveel markte word gekombineer om 'n hibriede markstruktuur te vorm? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *toewysingsdoeltreffendheid*. (2)

2.3.4 Watter nuwe hindernisse tot toetrede is daar vir nuwe spaza-winkels in die gegewe mark? (2)

2.3.5 Hoe beïnvloed die beskikbaarheid van plaasvervangers prysbesluite in onvolmaakte markte? (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik kortliks Suid-Afrika se antimonopolistiese beleid. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe kan subsidies gebruik word om markmislukkings wat deur eksternaliteite veroorsaak word, reg te stel? (8)

**[40]**

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van openbare goedere. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan die sluiting van ondernemings verbruikers benadeel? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NUWE LUGHAWE BEPLAN VIR SUID-AFRIKA IN R200 MILJARD ONTWIKKELING**



Gauteng se LUR vir Finansies en Ekonomiese Ontwikkeling het planne vir 'n nuwe lughawe in die Sedibeng-distrik bekend gemaak as deel van 'n geraamde infrastruktuur investering van R200 miljard. Hierdie inisiatief het ten doel om ekonomiese groei en ontwikkeling in die streek te stimuleer. Die voorgestelde lughawe sal na verwagting konnektiwiteit verbeter en talle werksgeleenthede skep, wat bydra tot die provinsie se ekonomiese herlewing. Die projek se potensiaal om beide plaaslike en internasionale beleggers te lok, sal Sedibeng as 'n belangrike ekonomiese spilpunt posisioneer.

**[Bron: *https://businesstech.co.za/news/government/801609*]**

3.2.1 Identifiseer EEN manier waarop die voorgestelde lughawe die ekonomie van Suid-Afrika kan bevoordeel. (1)

3.2.2 Noem enige EEN tipe voordeel wat tydens 'n kostevoordeel-analise oorweeg word. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *maatskaplike-koste*. (2)

3.2.4 Waarom kan die toepassing van die kostevoordeel-analise 'n uitdaging vir die regering wees? (2)

3.2.5 Hoe kan die besluitnemers van die genoemde projek ontasbare koste en voordele aanspreek wat moeilik is om in geldwaarde uit te druk? (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS

Proudly South African

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKAANSE MEDEDINGINGSTRIBUNAAL BLOKKEER VODACOM SE SAMESMELTING MET MAZIVT**

Die Tribunaal se uitspraak het gekom nadat die Mededingingskommissie aanbeveel het dat die transaksie verbied word weens potensiële risiko's vir mededinging in die telekommunikasiesektor en die saak gevolglik na die Mededingingstribunaal verwys het. Dit was nadat die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (ICASA) die samesmelting in November 2022 goedgekeur het.

Vodacom het aangevoer dat die samesmelting sal help om Suid-Afrika se digitale kloof te oorbrug deur veselverbinding in onderbediende gemeenskappe uit te brei. Volgens die Tribunaal sal die transaksie egter Vodacom se aansien as Suid-Afrika se grootste selfoon operateur met 'n dominante posisie in die vesel infrastruktuur mark konsolideer, wat mededinging moontlik kan benadeel.

**[Bron: *https://techpoint.africa/2024/10/29/regulator-blocks-vodacoms-merger-maziv/*]**

3.3.1 Identifiseer die instelling wat die ondersoek en aanbeveling van die Mededingingskommissie aanvaar of verwerp. (1)

3.3.2 Wat was die primêre rede vir die Mededingingstribunaal se besluit om Vodacom se samesmelting met MazivT te weier? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *samesmelting*. (2)

3.3.4 Watter effek het mededinging op pryse? (2)

3.3.5 Hoe bevorder die Mededingingskommissie regverdige mededinging tussen groot ondernemings en KMMO's in Suid-Afrika? (2 x 2) (4)

3.4 Verduidelik, met behulp van 'n goed-benoemde grafiek, die heffing van belasting as ŉ gevolg van ŉ markmislukking. (4 x 2) (8)

3.5 Hoe beïnvloed die aanname van volmaakte inligting die gedrag van firmas en verbruikers in 'n volmaakte mededingende mark? (8)

**[40]**

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS

Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE nadele van onvolmaakte markte. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom sal dit nie voordelig wees vir ʼn volmaakte mededingende firma om sy pryse te verhoog nie? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SOORTE OLIGOPOLISTIESE MARKTE**




4.2.1 Hoeveel firmas kan in ʼn oligopolie markstruktuur gevind word? (1)

4.2.2 Wat is die aard van die produkte wat deur 'n gedifferensieerde oligopolie verkoop word? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *samespanning*. (2)

4.2.4 Watter impak het TikTok op die mark in Suid-Afrika gehad? (2)

4.2.5 Hoe kan prysleierskap tot stilswyende samespanning lei? (2 x 2) (4)

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SLUITINGSPROSES IN 'N VOLMAAK MEDEDINGENDE MARK**




4.3.1 Identifiseer die konsep wat die veranderlike koste per eenheid geproduseer, aandui. (1)

4.3.2 In watter produksietydperk kan 'n perfekte mededinger 'n ekonomiese wins maak? (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *marginale produk*. (2)

4.3.4 Wat beteken "P = GI" in hierdie konteks? (2)

4.3.5 Waarom is die vermoë om veranderlike koste te dek, belangriker vir oorlewing in 'n volmaak mededingende mark as in markte waar daar minder mededinging is? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek kortliks produkdifferensiasie as 'n eienskap van 'n monopolistiese mededingende firma. (4 x 2) (8)

4.5 Ontleed die effek op 'n volmaakte mededingende firma om 'n prysnemer in die mark te wees. (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding:**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/Assesseer/Debatteer/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik.<br>**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Addisionele deel**: Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/ Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede die volgende ewewigsposisies van 'n monopolie:
  - Ekonomiese wins en ekonomiese verlies (korttermyn) sonder 'n grafiek
  - Ekonomiese wins (langtermyn) met 'n grafiek (26)
- Evalueer of bonormale wins altyd noodsaaklik is vir die voortbestaan van firmas in volmaakte mededinging en vir monopolieë. (10)

**[40]**

**VRAAG 6: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail hoe die volgende faktore tot die wantoedeling van hulpbronne in die mark lei:
  - Onbeweeglikheid van produksiefaktore (10)
  - Gebrek aan inligting (8)
  - Onvolmaakte mededinging (8)

(26)

- Evalueer die doeltreffendheid van die regering se betrokkenheid by markte vir welvaartverspreiding in Suid-Afrika. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

EINDE